

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 21 Nov 2018
Page: 12

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# TuksRugby raap heelwat pryse op

**Morris Gilbert**

Blou Bul-klubrugby sal nooit kwyn solank daar mense is wat die spel met geesdrif en toewyding dien - én geen beloning as teenprestasie verwag nie.

Dit was die mooi getuigskrif wat die president van die BBRU, Willem Strauss, verlede week gelewer het toe die Ligbloues hul amateurhelde van 2018 bekroon het.

Volgens Strauss is die BBRU een van 'n handjievol unies waarin klubrugby nog 'n volhoubare toekoms het en in 2019 trouens verder van krag tot krag gaan.

"Mense glo jy het geld nodig om klubrugby te laat gebeur.


"Die BBRU doen dit ook maar met bitter min geld en ons sukses is eintlik aan ons die vindingrykheid van ons mense-materiaal toe te skryf.

"Wanneer ons in 2019 weer hier staan, sal daar bykomende suksesverhale wees waarmee ons sal kan spog," het Strauss opgemerk.

Vir TuksRugby was dit 'n besonderse geleentheid omdat dié klub met etlike pryse beloon is. Tuks is as die Klub van die Jaar aangewys en in die Carlton A-liga het Nico Luus weggestap met die prys as Afrigter van die Jaar, Johan Grobler as Speler van die Jaar en Luke Haynes as o.21-Speler van die Jaar.

TuksRugby het ook op provinsiale vlak onder die pryse gemaai deurdat WJ Strydom aangewys is as Sewesspeler van die Jaar en Xander Kruger as Limpopo o.20 se Speler van die Jaar.

Een van die spesiaalste erepryse wat tydens die glansaand toegeken is, was dié aan die voormalige ondervoorsitter van die Blou Bulle Rugby-skeidsregtersvereniging (BBRSV) en jare lank 'n provinsiale blaser, Jannie van der Mescht. Sy grootste prestasie is nie dat hy 14 jaar op die direksie van die Blou Bulle Maatskappy gedien het nie, maar dat hy reeds 50 jaar 'n lid van die BBRSV is.




**TuksRugby het met groot eer uit die stryd getree by die BBRU se jaarlikse prysuitdelingsaand verlede week by Loftus Versfeld. Die groot prys was dat UP-Tuks as die Klub van die Jaar aangewys is. Van links is Nico Luus, Afrigter van die Jaar Carlton A; Johan Grobler, Speler van die Jaar Carlton A; Luke Haynes, o.21-Speler van die Jaar Carlton A; WJ Strydom, Provinsiale Sewesspeler van die Jaar; Theuns Reynolds, voorsitter van TuksRugby en Morris Gilbert, wat 'n ereprys ontvang het. Hy is die hoëprestasiebestuurder van TuksRugby en was reeds in 228 wedstryde spanbestuurder van UP-Tuks 1.**

Foto: JOHANNA DE VOS

**Onder die ander vername pryse was:**

**Senior Speler van die Jaar:** Martin Shoima (Carlton B); Henry Heck (Carlton C).

**Carlton A o.20-Speler van die Jaar:** Gustav de Jager.

**Vrouespeler van die Jaar:** Nolwazi Hlabangane.

**Plattelandse Speler van die Jaar:** Phillip Mulder.

**Afrigter van die Jaar:** André Grundlingh (Carlton B); Morgan Pienaar (Carlton C).

**Ontwikkelingsafrigter van die Jaar:** Peter Moyo.

**Erepryse:** Johanna de Vos, Koos Venter, Jay-J Botes; Simon Riekert, Cobus Claassen en Morris Gilbert.

■ Vic Meyer, oudste seun van Heyneke Meyer, is besig om in sy bekende pa se groot voetspore as afrigter te volg.

Vic is deur TuksRugby aangestel as die voorspeler-afrigter van die Young Guns, die Tuks o.20-span wat aan die Varsitybeker-reeks deelneem.

Die res van die afrigtingspan bestaan uit Dabeon Draghoender (hoofafrigter), Andries Kruger (agterlynafrigter) en Naat Loubser (krag- en fiksheidsafrigter).

"Ek is baie dankbaar en bevoorreg dat ek al op so 'n jong ouderdom die kans kry om op Young Guns-vlak af te rig," meen Meyer.

Die Tuks Young Guns se eerste bekerwedstryd is tuis teen die o.20's van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie (CUT).

Dit vind op 4 Februarie plaas.

Die Young Guns speel soos UP-Tuks 1 op Vrydag, 25 Januarie in die Tuks-stadion teen die Noordwes-Universiteit (Pukke) in 'n opwarmwedstryd.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.